HOËRSKOOL RANDBURG

Spesifieke Oueromsendbrief nr. 34 van 2026

10 Maart 2026

Geagte Ouers en Graad 11-leerders

Ons wil u graag inlig dat die graad 11-leerders op **Woensdag, 26 Maart** 'n opvoedkundige uitstappie na die *Johannesburg Holocaust & Genocide Centre* in Forest Town gaan onderneem.

Ons sal **ongeveer 08:00 vanaf die skool vertrek** en mik om **teen 09:00 by die museum aan te kom**. Die program by die museum bestaan uit 'n begeleide toer en 'n interaktiewe werkswinkel**,** wat ongeveer drie uur sal duur. Daar sal 'n kort pouse halfpad deur die program wees.

Leerders kan hulle eie middagete saambring, of hulle kan kos by die klein restaurant/snoepie koop wat by die sentrum beskikbaar is.

Ons sal **ongeveer 12:00 vanaf die museum vertrek en teen ongeveer 13:00 weer by die skool arriveer.**

Hierdie besoek vorm deel van die Graad 11-geskiedenis-kurrikulum en sal leerders help om 'n dieper begrip van temas soos volksmoord, menseregte en historiese verantwoordelikheid te ontwikkel.

Vriendelike Randjiegroete,

E. van der Linde
Geskiedenis-onderwyser

P. Booysen
Skoolhoof

TEL: (011) 782 6226/7 • Malibongwerylaan 183, h/v Rabie en Malibongwerylaan, Fontainebleau •
E-POS: admin@hsrandburg.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za